**Intog in Jerusalem**

**Joh 12:9-19**

**7 September 2025**

1. Vantevore: Na die opwekking van Lasarus, het Sanhedrin besluit die Here Jesus moet sterf – Kajafas het geredeneer dit sou beter wees, sonder om werklik te verstaan wat sy woorde beteken het. Maria het die Here Jesus gesalf met kosbare olie, sonder om die betekenis te besef. Judas Iskariot het getoon hoe min hy verstaan van hoe waardig die Here Jesus was.
2. Johannes se beskrywing van die intog in Jerusalem (Joh 12:9-19)
    a. Groot skare Jode kom om Jesus en Lasarus te ontmoet (v9)
    b. Leierpriesters besluit Lasarus moet ook sterf (v10-11)
    c. Volgende dag = Palmsondag. Nog 'n groot skare kom Jesus vanaf Jerusalem tegemoet (v12-13)
    d. Met palmtakke in hulle hande loof hulle die Here Jesus – vanuit Ps 118
    e. Toe die Here Jesus op 'n donkie ry, besing hulle Hom – vanuit Sag 9:9
    f. Dissipels het eers later verstaan (v16, vgl Joh 2)
    g. Twee skares: Een het getuig van opwekking van Lasarus, en die ander een het Hom tegemoetgegaan (v17-18)
    h. Fariseërs is moedeloos – hulle verloor die stryd (v19)
3. Psalm 118
    a. "Hosanna" = "verlos ons tog"; "Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here" = die Here Jesus(Joh 12:13b vs Ps 118:2-26a)
    b. V1-4, 29: Verbondsgod moet geprys word oor Sy ewigdurende verbondsliefde
    c. V5-9: Individu vir wie die Here 'n Helper is – Wie is die individu?
    d. V10-14: Individu weer die nasies af – ooreenkoms met die Here Jesus (vgl ook Eks 15:2)
    e. V15-16: Jubelkrete van regverdiges oor verlossing – soos Jode in Joh 12 (vgl Eks 15:6,12)
    f. V19-20: Individu wil deur poorte van geregtigheid gaan na God saam met gelowiges – soos die Here Jesus (vgl Heb 2:10, 9:24)
    g. V21-24: Individu is die hoeksteen, dus is Hy die Here Jesus (vgl Mat 21:33)
    h. V25-26: Skare wat uit die tempel kom, roep: "Hosanna" – soos die skare uit Jerusalem in Joh 12:13
    i. V27: Jesus is die Lig
    j. V28: Individu prys die Here, soos die Here Jesus die Vader verheerlik
4. Sagaria 9
    a. Vgl Joh 12:14-15 met Sag 9:9
    b. V1-7: Woord van God (= Jesus) kom om nasies te oordeel
    c. V8: Woord gaan na die tempel toe om die wat aan God behoort te bewaak, soos die Here Jesus in Joh 12
    d. V9: Dit is oor die koms van hierdie Woord/Koning dat Sion juig – Hy is regverdig, oorwinnaar en nederig (ry op 'n donkie) – soos Jode in Joh 12
    e. V10: Die Woord/Koning kom om Sy wêreldwye koninkryk van vrede te vestig – dit is waarvan Joh 12 getuig
5. Samevatting
    a. Onwetend het die Jode se optrede bevestig die Here Jesus is die Christus
    b. Die Here Jesus het as Koning die duiwel oorwin, om Sy koninkryk van vrede te vestig